**Dinsdag 20 November**

| Skrifgedeelte: Sagaria 8:9-16 | Fokusgedeelte: Sagaria 8:13 |
|---|---|

# Word jóú naam in seënwense gebruik?

Dit laat mens nogal huiwer, nie waar nie? Om hierdie belofte te hoor wat die Here aan sy verlostes gee: "… en nou sal julle name gebruik word in seënwense"! Jy en ek wil-wil uitroep: "*My* naam in 'n seënwens … hoe is dit moontlik?"

Maar *dít* is nou juis een van die "onmoontlike" dinge wat vir God, die Lewende God, moontlik is (soos hierdie hoofstuk vroeër aangedui het). *Hy kán* dit werklik – ook in jou en my lewe vandag – doen: óns lewe wat vir onsself én vir ander dalk 'n "vloek-lewe" geword het, só verander dat dit seën-uitstralend word. *Hy kán* jou en my lewe só seën-uitstromend maak soos Efraim en Manasse s'n: "Die Israeliete sal mekaar seën met die woorde: Mag God jou maak soos Efraim en Manasse" (Gen. 48:20).

Moenie dink dat hierdie wonderbare seënwense waarmee ander mekaar seën, 'n soort bo-wêreldse glans is wat "salig" om ons lewe hang nie. Weet jy waarna verwys dit éérder? Dit verwys in die eerste plek – so sê ons teks – na die troue Verbondsgod wat ons van ons selfsug, ongehoorsaamheid en ongevoeligheid vir die nood van die weerloses en ver-druktes in ons samelewing *bevry* het (7:9, 10). Hy het ons vrygemaak van ons hebsug "wat van 'n pragtige land 'n verwoeste wêreld gemaak het" (7:14).

Word jou naam só in seënwense gebruik? Dán oorvloei die "volle seën *van Christus*" jou (Rom. 15:29) …

*Sing: Psalm 126-1:1*

*Dr. PP (Paul) Kruger (Emeritus)*